



En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Parashah 23: Pekudei (פקודי) – Berekening

Dit is die berekening van die tabernakel, die tabernakel van die Getuienis, soos dit bereken is op bevel van Moshe, vir die diens van die Leviëte, onder leiding van Itamar, die seun van Aharon, die priester. Ex. 38:21 – PWL¹

Torah: Exodus 38:21 tot 40:38

Haftorah: 1 Kon. 7:51 tot 8:21

Hernieuwe verbond: Matt. 17:2; 2 Kor. 9:1 tot 15; Efes. 6:14; Open. 3:4, 5 en 18; Open. 7:13 en 14; Open. 11:19; Open. 15:5 to 8; Open. 19:8.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 23 wat afgelaai kan word by: [Parashah23Notas14](#) of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info.

The Tabernacle is a picture of unity in Messiah, but Shabbat is where we begin. Shabbat is the crown of Creation – Ardelle.

Baie mense is slegs “toeskouers” van YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid en het dit nog nie self ervaar nie. YHVH nooi egter elkeen om Hom waarlik te ontmoet in sy Heiligdom. Was jy al daar? Het jy die ware Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH ervaar of was dit dalk ‘n nabootsing (vervalsing) daarvan?

Midrash (Torah Bespreking)

Hierdie week kom ons dan aan die einde van Exodus, die tweede boek van die Torah wat meer korrek volgens Hebreeus *Shemot* genoem word en wat *Name* beteken. Die naam *Exodus* is ‘n Latynse woord wat afgelei is van die Grieks *Exodos* wat *vertrek*, *uitgaan* en *uittog* beteken. Meer as ‘n jaar het verloop sedert Moses die eerste keer na Farao gegaan het.

Die boek Exodus is, soos ook in die geval van Abraham, bevestiging van redding deur geloof (vertroue) in YHVH se genade (onverdiende guns). Ons het geleer dat Israel gered is deur in vertroue ‘n lam te slag en die bloed aan die deurkosyne van hulle huise te smeer. Dit is die sinnebeeld van YHVH se genade soos deur Yeshua bevestig (vervul) is, naamlik vergifnis van sonde en versoening met YHVH is alleenlik deur geloof in die geslagde lam, naamlik Yeshua die Lam van YHVH!

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com.

Exodus is ook bevestiging dat redding deur geloof opgevolg moet word deur gehoorsaamheid aan YHVH se Torah. Die verbond van die Torah, asook die doel, betekenis en funksionering van die tabernakel getuig hiervan. Redding deur geloof in YHVH se genade en gehoorsaamheid aan Sy onderrig en instruksies is die patroon (bloudruk) van YHVH se plan van herstel. Dit het in die ou verbond gegeld en dit geld steeds in die hernieude verbond.

Die hoogtepunte van die boek van *Sh'mot* (Exodus) kan soos volg opgesom word:

- Die bevryding van die slawejuk van Egipte wat met die instelling van Pesag gepaard gegaan het. Hierdie is 'n sinnebeeld van wedergeboorte – 'n eenmalige gebeurtenis waar elkeen as te ware 'n nuwe identiteit in Yeshua Messias ontvang.
- Die ontvangs van YHVH se Torah by Sinai en wat deur 'n verbond verseël was. Hierdie is 'n sinnebeeld van YHVH se Torah wat op ons hart geskryf word en in ons verstand gegee word (Heb. 8:10, en volgens Jer. 31:31 tot 34), asook 'n sinnebeeld van die uitstorting van die Afgesonderde Gees (Hand. 2:1 tot 4).
- Die bou en die oprig van die tabernakel sodat YHVH in hulle midde in die wildernis kon woon. Hierdie is 'n sinnebeeld van elkeen, asook korporatief van die gemeente, wat 'n tempel (tabernakel) van die Afgesonderde Gees is (1 Kor. 3:16) wanneer ons Torah onderhou sodat Yeshua in ons midde kan tabernakel (woon)(Joh. 1:14).

In hierdie week se parashah leer ons dat die tabernakel vervaardig en opgerig is presies volgens YHVH se voorskrifte aan Moses. Eers nadat alles voltooi was (Ex. 39:32), het YHVH se Heerlikheid (die Gemanifesteerde Teenwoordigheid) die tabernakel gevul (Ex. 40:34 en 35). Dieselfde geld steeds vandag, naamlik: Ons moet ons liggaam (gees, siel en liggaam) beskikbaar stel sodat die Afgesonderde Gees dit kan inrig as 'n 'tempel' om YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid te huisves. Paulus veruidelik dit soos volg:

My broers, daarom smee ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwning van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.

Rom. 12:1 en 2 – PWL.

As lewende stene moet ons beskikbaar wees sodat 'n geestelike tempel (tabernakel) gebou kan word waarin 'n koninklike priesterdom dienswerk kan verrig.

Hy na Wie julle naderkom, die Lewende Steen, wat deur die mense verwerp is, maar deur God gekies en kosbaar is. Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het 'n geestelike tempel en afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar is deur Yeshua, Die Gesalfde Een. 1 Pet. 2:4 en 5 – PWL.

Israel moes vrywillige offergawes bring vir die bou van die tabernakel (Ex. 25:2). Ons elkeen se liggaam is die vrywillige offergawe wat ons na YHVH bring. Ons bring dit omrede dit ons hartsbegeerte is om vernuwning ('n metamorfose) van ons gemoed (gees en siel) te ondergaan sodat ons weet en doen wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is. So word ons daagliks meer gelykvormig aan Yeshua, die Lewende Torah.

Ons weet dat, vir hulle wat God liefhet, Hy hulle in alles help tot die goeie, vir hulle wat Hy opsy gesit het om geroep te word, want die wat Hy vooruit geken het, dié het Hy ook vooruit gevorm om te lyk net soos die beeld van Sy Seun sodat Hy die Eersgeborene kan wees onder baie broers en die wat Hy vooruit gevorm het, dié het Hy ook geroep en die wat Hy geroep

het, dié het Hy ook onskuldig verklaar en die wat Hy onskuldig verklaar het, aan dié het Hy ook Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gegee. Rom. 8:28 tot 30 – PWL.

Bepeins of Bespreek

1. YHVH, die Almagtige Skepper-God, is bereid, en Hy verlang daarna, om in jou en my te woon!! Vul dit jou met eerbiedige ontsag en nederigheid? Hoe kan ons hoegenaamd onverskillig staan teenoor ons Vader se bereidwilligheid en verlange?
2. Volgens 1 Kor. 6:19 behoort ons liggaam nie aan onself nie, maar wel aan YHVH omrede Hy deur Yeshua vir ons 'n duur prys betaal het (1 Kor. 6:20; 1 Kor. 7:23). Beteken dit dat ons ons liggaam moet versorg deur 'n gesonde leefstyl van dieet, oefening, rus, ensovoorts te volg? Dikwels is swak gesondheid weens verkeerde leefstyl keuses.

Ons Ewige Hoëpriester

Hulle het ook kunstige klere van pers en purperrooi en bloedrooi stowwe gemaak om in die heiligdom te dien. Ook het hulle die heilige klere vir Aäron gemaak soos YHVH Moses beveel het. Ex. 39:1.



Die uitrusting van die Hoëpriester (die *Kohen HaKadol*), naamlik sy klere, die toebehore wat daarmee saam gedra was, sowel as die kleurskema van sy uitrusting is ryk aan geestelike betekenis en simbolisme (Verwys Ex. 28:1 tot 43 en Ex. 39:1 tot 31). Dit alles is 'n heenwysing (skadubeeld) van Yeshua ons Ewige Hoëpriester. Hierdie is 'n studie op sy eie en in hierdie notas sal daar slegs na sekere aspekte hiervan verwys.

- Wit linne is 'n sinnebeeld van YHVH se geregtigheid. Yeshua Messias is YHVH se geregtigheid en deur vertoue in Hom tot sondevergiftig word ons ook geklee met YHVH se geregtigheid (2 Kor. 5:21). Wit verteenwoordig ook reinheid. Beide die Hoëpriester en die priesters was hiermee geklee. Die wit linnebroek en wit linnerok simboliseer seksuele reinheid.
- Die Hoëpriester se gordel is 'n sinnebeeld van die Waarheid. YHVH se Torah is die Waarheid en Yeshua is die Lewende Torah. So moet ons as priesters ook met die waarheid van Yeshua en Torah omgord wees (Ef. 6:14).
- Die borsplaat met die twaalf kosbare stene wat elk met goud daarin vasgesit was, verteenwoordig die twaalf stamme wat Yeshua voortdurend in gedagtenis bring voor die aangesig van YHVH (Ex. 28:29). Die twaalf stamme is die hart van Vader-YHVH! Let daarop: Daar is geen kosbare steen met die naam van die kerk daarop nie! Nee, want elke gelowige in Yeshua as Messias is die nageslag van Abraham en dus deel van Israel! Ons Hoëpriester se borsplaat is ons borswapen van geregtigheid en ons skild waarmee ons die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus (Efes. 6:14 en 15), want ass YHVH vir ons is, wie kan teen ons wees (Rom. 8:31)?

- Die twee skouerstukke, elk met sy kosbare steen waarop ses van die name van die van die stamme van Israel op die een en ses op die ander gegraveer was, is 'n sinnebeeld van Yeshua wat ons sonde op Hom geneem het, asook dat Hy ons sorg en siekte gedra het (Jes. 53:4 en 5).
- Die goud wat in die Hoëpriester se uitrusting gebruik was verteenwoordig YHVH en daarom was daar fyn goue draad in die Hoëpriester se kleed verweef gewees (Ex. 39:2 en 3). Die kosbare stene van die borstas en die skouerstukke was ook in *kassies van goud vasgesit* (Ex. 39:13). So ook was die panele (style) en die meublement in die tent van die tabernakel met Goud oorgetrek en was die goue kandelaar en gerubs op die verbondsark uit eenstuk goud gemaak. Goud simboliseer ook reinheid van hart.
- Aan die soom van die linnerok (mantel) was daar granaatjies wat van blou, pers en rooi wol gemaak was. Tussen elke granaatjie was daar 'n goue klokkie (Ex. 39:24 en 25). Die granaatjies is 'n sinnebeeld van die vrug van die Gees (Gal. 4:22) en die geluid van die goue klokkies is die werke van die vrug van die Gees, naamlik dit wat gehoor en gesien word (Jak. 2:14 tot 26). Die klokkies is 'n sinnebeeld van die geluid van die goeie tyding van verlossing in Yeshua Messias.

Hoe lieflik is op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede laat hoor, wat goeie tyding bring, wat verlossing uitroep; wat aan Sion sê: Jou God is Koning! Jes. 52:7.

In Yeshua is die vrug van die Gees en die werke van die Gees vervul. Hier op aarde was Yeshua die 'geluid' van die goeie tyding van verlossing. Hy is waarlik ons ewige Koning en Ewige Hoëpriester!

- Die Hoëpriester se tulband (afgesonderde kroon) simboliseer die rein gedagtes van YHVH (Ps. 33:11; Ps. 40:6; Jes. 55:8 en 9).

Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek YHVH, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee. Jer. 29:11.

Die plaat van die afgesonderde kroon wat op die tulband vasgemaak was, was van suiwer goud waarop die woorde *Afgesonder aan YHVH (Kadosh l'YHVH)* geskryf was (Ex. 39:30 en 31). Yeshua is die Afgesonderde (Heilige) van YHVH en Hy is ons helm van verlossing (Ef. 6:17).

Die ander kleure in die Hoëpriester se uitrusting was rooi, pers en blou.

- Rooi is 'n afbeelding van die bloed van Yeshua, naamlik die bloed waarmee ons duur gekoop is (1 Pet. 1:19) en waarmee ons sondes afgewas is (Rom. 5:9; Open. 1:5). Dit verteenwoordig ook die bloed van die verbond.
- Pers simboliseer die Koningskap van Yeshua (Joh. 12:15; 1 Tim. 1:17; Heb. 7:1 en 2).
- Blou is 'n sinnebeeld van Yeshua, die Manna wat uit die hemel gekom het (Joh. 6:58) om tussen ons te tabernakel (Joh. 1:14).

Yeshua is ons Ewige Koning en Hy is ons Ewige Hoëpriester volgens die priesterorde van Melgisedek! Die skrywer van die brief aan die Hebreërs verduidelik dit soos volg:

As daar dus volledige afhandeling deur die Levitiese priesterskap was, waardeur die geskrewe wet vir die mense vasgestel is, waarom was dit nog nodig dat 'n ander nie-Levitiese priester moes opstaan, volgens die beeld van Malki-Tzedek? Sê dit dat Hy volgens die beeld van Aharon sal wees? Net soos daar 'n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar 'n verandering in die reëls, want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan 'n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie, want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y'hudah opgegroeï het; 'n stam waarvan Moshe niks aangaande die priesterskap gesê het nie. Nog baie duideliker is dit: dat hy sê dat 'n ander nie-Levitiese Priester volgens die beeld van Malki-Tzedek opstaan. Hy wat dit nie was volgens die wet van opdragte, na die liggaamlike, nie, maar deur die krag van lewe wat nie vernietig word nie, want Hy getuig aangaande Hom: "U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek," want daar was eers 'n verandering aan die orde weens die onvermoë daarvan en dat daar geen voordeel in was nie, want die geskrewe wet het niks tot sy einddoel gebring nie, maar 'n versekerde verwagting het in sy plek ingekom, waarin ons tot God nader, wat beter is as dit. Hy het dit aan ons bevestig deur 'n eed, want hulle was priesters sonder 'n eed, maar Hy met 'n eed, soos wat Hy, deur Dawid, van Hom gesê het: "יהוה het 'n eed gesweer en Hy sal nie lieg nie: U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek," Heb. 7:11 tot 21 – PWL.

Bepeins of Bespreek

1. Die derde tempel sal in alle waarskynlik in die nabye toekoms gebou word. Alles is gereed om met die bouwerk te begin. 'n Onlangse berig van die Tempel Instituut bevestig dat die brandofferaltaar voltooi is en dat alles gereed is om offerandes te bring! Dit beteken dat daar 'n hoëpriester en priesters aangestel sal word om dienswerk in die tempel te verrig. Hierdie aardse priesterskap sal funksioneer onder Rabbynse Judaïsme. Nou weet ons dat Rabbynse Judaïsme verwerp Yeshua as die Messias wat reeds gekom het. Die Afgesonderde Skrifte lewer baie duidelik uitspraak oor diegene wat Yeshua as Messias verwerp. Byvoorbeeld:

Wie is die leuenaar anders, as hy wat ontken dat Yeshua Die Gesalfde Een is? Dit is die vals gesalfdes: hy wat die Vader ontken, ontken ook die Seun. Elkeen wat die Seun ontken, vertrou ook nie in die Vader nie. Wie ook al die Seun bely, bely ook die Vader.
1 Joh. 2:22 en 23 – PWL.

Hieraan word die Gees van God geken: elke gees wat erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het, is vanuit God en elke gees wat nie erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het nie, is nie vanuit God nie, maar dit is die gees van die vals gesalfde, waarvan julle gehoor het dat hy kom en van nou af in die wêreld is.
1 Joh. 4:2 en 3 – PWL.

Dan moet ons ook besef en verstaan dat hedendaagse Rabbynse Judaïsme is die voortsetting van Fariseïsme en die geskiedenis bevestig dit! (Hierdie is 'n studie op sy eie en ek moedig elkeen aan om dit self te ondersoek). Aangaande die Fariseërs het Yeshua ondermeer gesê:

Yeshua sê vir hulle: "As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van God af uitgegaan, want Ek het ook nie uit My eie plesier gekom nie, maar Hy het My gestuur.

Waarom verstaan julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle nie My boodskap kan hoor nie. Julle is van julle vader, die teëstander, en julle begeer om julle vader se wil te doen. Hy is 'n moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy lieg, praat hy uit wat syne is, want hy is vanuit valsheid en die vader daarvan, maar julle vertrou nie in My nie, Ek, wat die waarheid praat. Wie van julle kan My oortuig van sonde? As Ek die waarheid praat, waarom vertrou julle My nie? Wie ook al van God is, luister na die woorde van God; daarom luister julle nie omdat julle nie van God is nie.” Joh. 8:42 tot 47 – PWL.

Die vraag is dus: Gaan jy die hoëpriesterskap van die derde tempel aanvaar as die gesag waaronder jy staan of gaan jy weier omrede jy onder die gesag van die Ewige Hoëpriester staan wat volgens die skrywer van die brief aan die Hebereërs die Levitiese priesterorde vervang het?

2. Jy wat hierdie lees was waarskynlik vasgevang in die misleiding van die Christendom. Is jy seker dat jy nie moontlik vasgevang is in die misleiding van hedendaagse Rabbynse Judaïsme nie?! Het jy al moeite gedoen om die leerstellings van Rabbynse Judaïsme te ondersoek en dit oop te graawe tot by die wortel?

Courage is what it takes to stand up and speak; Courage is also what it takes to sit down and listen – Winston Churchill.

The truth is incontrovertible. Malice may attack it, ignorance may deride it, but in the end, there it is – Winston Churchill.

Beware of false knowledge; it is more dangerous than ignorance. — George Bernard Shaw.

People who don't seek the truth, finds it easier to believe a lie! – Anonymous.

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

3. Ons leef in die einde van dae waar elkeen van ons moet *pekudei* – ‘n opname (berekening) moet maak van ons geestelike welsyn!

Opsomming van Genesis en Exodus

Ten slotte. Ons kan die eerste twee boeke van Torah ook soos volg opsom:

1. In Genesis is die ‘saad’ van die volk van Israel geplant. In Exodus het hierdie ‘saad’ ontkiem en gegroei – eers as ‘n klein familie, maar wat in Egipte as slawe gegroei het tot ‘n groot nasie! Hierdie is die volk wat YHVH van die Egiptiese slawejuk bevry het.
2. Na hierdie kragdadige bevryding van die slawejuk, en na die deurtog deur die Rooisee, het Israel ‘n ontmoeting met YHVH by die berg Sinai gehad waar YHVH met hulle die verbond van die Torah gesluit het. Hierdie was ‘n ‘kontrak’ dat Israel YHVH se eiendomsvolk vir ewig sal wees!
3. Ten einde voortdurend in hulle midde te kan woon, asook om YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid voortdurend te ervaar, het YHVH hulle beveel om ‘n tabernakel te bou.

Hierdie ‘mobiele tempel’ het vir sowat veertig jaar saam met hulle getrek tot hulle uiteindelik in die Beloofde land gevestig was.

In die boek van Levitikus gaan ons leer hoe om te lewe as geregverdigdes op ‘n wyse sodat YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid voortdurend in ons midde kan woon!

Chazak! Chazak! Ve'nitchazek!
Wees sterk, wees sterk en word versterk!

-0-0-0-0-0-0-0-

Shalom tot volgende keer!
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.